



Jesus leef en ons met Hom

## **Weeklikse Brood vir 18 - 24 Augustus 2019**

### **Tiende week in Koninkrykstyding**

### **Skriflesing vir die week: Hebreërs 11: 29 - 12: 2**

Skriflesing vir volgende week: Hebreërs 12: 18-29

#### **Sondag - Ingenooi in God se rus en tyd**

- ✓ Koninkrykstyding herinner ons dat ons Christus se heilswerkers hier op aarde is. Ons moet ons geloof in daad omsit en Jesus se liefde teenoor ons naaste ervaar.

Lees **Jesaja 5: 1-7.**

- ✓ Ons hoor hier God se volk het nie die vrugte van reg en geregtigheid (goeie daad) voortgebring nie, dit is egter wat God van hulle verwag het.
- ✓ Dink na oor die vrugte wat jy vir God dra. Vra dat God jou sal help om in die week wat voorlê jou geloof in Hom opreg uit te leef. Hou jou oog op die eindresultaat gerig.

#### **Maandag - Luister na God se Woord**

Lees **Hebreërs 11: 29 - 12: 2.**

- ✓ Hierdie gedeelte vertel van wonders wat gebeur het deur mense se geloof in God. Dink na oor die voorbeelde van geloof wat hier beskryf word. Dit vertel ook van ander mense wat ter wille van hulle geloof baie ontberings deurstaan het... sonder om die beloofde vrugte daarvan in hierdie wêreld te ontvang.
- ✓ Hoe hanteer jy moeilike omstandighede? Laat jy toe dat twyfel jou beïnvloed en afwyk van wat jy gekies het om te doen? Ons lees die lewe is 'n wedloop met Jesus as die eindpunt. Dink na oor hierdie wedloop en hoe jy dit moet hardloop.

#### **Dinsdag - Luister na mekaar**

Lees **Hebreërs 11: 29 - 12: 2** saam met medegelowiges.

- ✓ Wat hoor julle in hierdie gedeelte oor volharding in die geloof? Vertel vir mekaar van kere toe julle God se seën op julle geloofsvertroue beleef het.
- ✓ Dink na oor hoe mense op probleme in hulle lewe reageer. Dink julle volharding in geloof is die moeite werd? Jesus het nie van sy pad afgewyk nie, ten spyte van wat Hy moes deurmaak. Hy het na die uiteindelige beloning gekyk.
- ✓ Dink na oor die beloning wat op ons wag. Bid dat God jou sal help om teenoor ander mense van sy getrouheid te getuig. Staand vas in die geloof!

### **Woensdag - Luister na ander en die tye**

Lees **Hebreërs 11: 29 - 12: 2.**

- ✓ Dink na oor mense se moontlike reaksies op 'n mediaberig met die woorde "omdat hy / sy geglo het." Hoe dikwels hoor jy van mense wat oor God se ingrype in hulle lewe getuig?
- ✓ Die gedeelte bevestig dat God gehoorsaamheid en volgehoue geloof beloon.
- ✓ Dink na oor hoe **ongelowiges** dit sou vertolk. Jesus is die Begin en Voleinder van ons geloof. Bid dat die wêreld Hom as rolmodel sal erken en volg.

### **Donderdag - Luister weer na God se Woord**

Lees **Hebreërs 11: 29 - 12: 2.**

- ✓ Ons hoor hier van 'n hele skare mense wie se geloofsvertroue beloon is. Dink jy mense se lewe word vandag nog wonderbaarlik gespaar? Beskryf watter invloed geloof op hierdie wonderbaarlike ingrype het.
- ✓ Hierdie gedeelte beskryf die lewe as 'n wedloop. Dink na oor jou lewenswedloop in die lig van die volgende vrae en die antwoorde daarop: Hoe berei jy jou voor? Hoe bly jy op die baan? Wie kan jou help met hierdie wedloop? Waarop fokus jy?
- ✓ Jesus het nie weggediens van wat Hy in sy lewe moes verduur nie. Hy het na God se beloning gekyk. Sien jy kans om God met jou lewe te vertrou, ten spyte van probleme en swaarkry?

### **Vrydag - Fokus op wat God nou doen**

Lees **Hebreërs 11: 29 - 12: 2.**

- ✓ God vra van ons gehoorsaamheid aan Hom en geloof in Hom. God antwoord met wonderwerke en oorwinning wanneer mense op Hom vertrou. In vers 34b lees ons dat Hy aan mense in hulle swakheid krag gegee het - God laat ons nooit alleen staan nie. Hy is altyd by ons.
- ✓ Sommige mense het weens hulle geloof swaar gekry. Sommige van hulle het nooit hulle droom in hierdie lewe sien waar word nie. God belowe egter in vers 40 iets beters. Jesus het die kruis verduur. Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof. God belowe aan ons oorwinning oor die dood. Bid dat jy God se doel vir jou lewe sal gehoorsaam.

### **Saterdag - Antwoord met jou lewe**

Lees **Hebreërs 11: 29 - 12: 2.**

- ✓ Die eerste gedeelte beskryf die volgehoue geloof van Bybelfigure - God vra van ons geloof in Hom, ten spyte van ons omstandighede. Gehoorsaamheid aan God kan ons lewe radikaal verander. Getuig van God se daade in jou lewe sodat dit aan ander moed kan gee.
- ✓ Laat gaan die dinge wat jou terughou sodat jy voluit en vry vir God kan leef. Volhard in jou geloof. Waak teen die sonde wat jou einddoel laat vervaag. Jesus is ons einddoel.